


# TIREOÏDEKTOMIE

'n Tiroïdektomie is 'n chirurgiese prosedure wat gedoen word om die tiroïed klier of 'n gedeelte daarvan te verwyder. Hierdie klier is geleë aan die voorkant van die nek en produseer hormone wat metabolisme en kalsium reguleer. Die klier bestaan uit twee lobbe en die verwydering van een van die lobbe word 'n tiroïed lobektomie of gedeeltelike tiroïdektomie genoem.



**Die volgende is redes vir die verwyder van die klier of 'n gedeelte daarvan:**

- 'n Massa of groeisel in die tiroïed;
- Tiroïed kanker.

**Die volgende is baie seldsame redes:**

- Baie groot of toksiese skildklier (vergrande tiroïed) weens hipertiroïdisme;
- Ooraktiewe tiroïed;
- Onder aktiewe tiroïed (hipo-tiroïed) met tiroïed vergroting.

**Wat pasiënte kan verwag wanneer 'n tiroïdektomie gedoen moet word:**

**Pre-operatief:** (Voor die prosedure):

- Laboratorium toetse bv. tiroïed funksie toetse en/of ander toetse bv. tiroïed sonar, tiroïed flikkergram.
- Die neem van tiroïed medikasie om tiroïed aktiwiteite te onderdruk vir pasiënte wat hipertiroïdisme ondervind;

- 'n Fyn naald aspirasie biopsie om te bepaal of die gewas of nodule kankeragtig is (afhangende van simptome).

### **Gedurende die prosedure:**

- Algemene narkose word toegedien en 'n asemhalings buis word ingeplaas;
- 'n Horisontale snit word aan die voorkant van die nek gemaak.

### **Tydens die prosedure:**

Die prosedure neem omtrent 'n uur om af te handel. 'n Horisontale insisie (snit) word aan die voorkant van die nek gemaak. Die vel word weggetrek en teruggehou deur die gebruik van "retractors". Bloeiende vate word geklem en afgebind. Daarna word af gedissekteer tot by die tiroïed. Die bloed voorsiening na die tiroïed word beheer en die tiroïed word versigtig losgesny en verwyder. 'n Dreinerings buis word in die wond gelaat om bloed of vog kolleksies in die wond te dreineer. Daarna word die wond geheg met oplosbare steke. Die wond word met 'n waterdigte pleister bedek.

In die geval van tiroïed kanker is dit soms nodig om limfnodes in die area ook te verwyder, omdat die kanker soms na die limfnodes kan versprei.

### **Post-operatief (na die prosedure):**

- Hospitaal verblyf is ongeveer 2 – 3 dae;
- In meeste gevalle word 'n ongemak in die nek ervaar;
- In sommige gevalle ondervind pasiënte 'n hees stem (verbeter meestal spoedig);
- Tiroïed medikasie word geneem (in meeste gevalle en in alle gevalle van 'n totale verwydering) om te kompenseer vir die verlies aan tiroïed funksies;
- Radioaktiewe Jodium behandeling (in sommige gevalle van kanker).

### **Wondsorg:**

- Die wond moet skoon en droog gehou word;
- Die wond kan vir 5 tot 7 dae toegehou word. Die pleister waarmee pasiënte ontslaan word kan vir die tydperk gelaat word, behalwe as dit vuil of nat word, dan moet dit vervang word;
- As die pleister afgehaal word moet die wond droog bly vir tot twee weke na die prosedure. As dit nat word moet dit onmiddellik droog gemaak word;
- Geen grimering of room moet aan die snit gesmeer word nie.

## Moontlike komplikasie van die prosedure:

- Infeksie;
- Bloeding;
- Litteken vorming;
- Stem veranderinge weens 'n moontlike skade aan senuwees van die stembande (baie seldsaam);
- Skade aan die paratiroïed klier wat kalsium metabolisme beheer.

## Uitkoms van prosedure:

Die rede vir die prosedure is bepalend vir die resultaat. Indien die tiroïed verwyder is om 'n gewas, nodule of 'n vergrote skildklier te behandel sal die uitkoms die volgende wees:

- Verwydering van kankeragtige weefsel uit die liggaam;
- Verbetering in sluk en lugvloei wat onderdruk was weens die vergrote tiroïed klier.

## Simptome wat kommer wek:

Indien pasiënte enige van die volgende simptome ondervind moet onmiddellik kontak gemaak word met die chirurg, pasiënt se algemene praktisyn of 'n noodgevalle eenheid moet besoek word:

- 'n Dooie of 'n tintelende gevoel rondom die lippe;
- Spasmas of senuwee trekkings;
- Oormagtige, verergerende moegheid;
- Tekens van infeksie wat gepaard gaan met koors en kouekoors;
- Rooiheid, swelling, oormatige bloeding of 'n afskeiding van die wond;
- Aanhoudende hoes, kortasem of borskaspyn.
- Ernstige naarheid of braking.



CARL STREICHER

ECS/vwn – Sept 2011